

Link Seed soja's word plaaslik geteel vir die beste resultate

WESSEL PRETORIUS, Bemakingsdienste, Link Seed

Sojabone is nou reeds goed gevestig as 'n staatmaker alternatiewe gewas in Suid-Afrika en veral as deel van 'n wisselbouprogram met mielies.

Só 'n wisselboustelsel sluit die volgende voordele in:

- Die beskikbaarstelling van waardevolle stikstofvoeding aan die opvolggewas.
- Makliker beheer van swamsiektes en onkruid op mielies.
- Die algemene bevordering van grondkwaliteit.
- Verminderde risiko met soja's as alternatiewe of addisionele gewas in ons wisselvallige klimaatstoestand.
- Dit is die ideale gewas om ná winterkoring te sorg vir twee produksies binne een seisoen.
- Met verbeterde genetica, neem sojabone se opbrengspotensiaal toe en saam met huidige markpryse kan dit aansienlike finansiële voordele inhou.

Dit alles in ag geneem, bied Link Seed vanjaar 'n uitgebreide reeks kultivars aan, aangepas om in al die produksiegebiede uitstekend te presteer. Só 'n reeks is egter net volhoubaar deur toegewyde planteteelt, navorsing en evaluering.

Nuut uit ons teelprogram

LS 6240 R

Is in die vinnige groeiklas, aanvullend tot die bekende LS 6444 R, met goeie peulhoogte vir 'n vinnige variëteit, uitstekende staanvermoë en hoë-opbrengspotensiaal. LS 6240 R is baie goed aangepas vir wye en nou rye.

LS 6453 R

'n Medium groeiklas variëteit met wye aanpasbaarheid en uitstekende opbrengs. Hiermee gepaard het LS 6453 R uitstekende staanvermoë, baie goeie peulhoogte en is aangepas vir droëland en besproeiing.

LS 6466 R

'n Groep 6 groeiklas variëteit met 'n besonderse opbrengspotensiaal. Oesverliese word beperk met 'n baie goeie peulhoogte en goeie weerstand teen oopspring. Dit is uiters goed aangepas in die gematigde en warm produksiegebiede.

LS 6261 R

Dit val in die medium groeiklas en het 'n korter, regop groeiwyse met smal blare. Hierdie variëteit toon wye aanpasbaarheid in al die produksiegebiede. Dit was naasbeste in die 2013-LNR-proewe vir matige lokaliteite.

Staatmakervariëteite wat tans wyd aangeplant word

LS 6444 R

Dit is een van die vinnigste sojabone op die mark, met relatief 100 tot 110 aantal dae tot oesrypstadium. Hierdie is een van die mees populêre soja's weens sy vinnige groeiklas, uitstekende opbrengs en stabiliteit in al die produksiegebiede, uitstekende staanvermoë en wye aanpasbaarheid.

LS 6146 R

Lewer 'n uitstekende opbrengs en is aangepas in al die klimaatgebiede. Dié variëteit het die hoogste gemiddelde oliepersentasie, staan uitstekend en het 'n baie goeie peulhoogte. LS 6146 R val in die vinnige groeiklas en is dus by uitstek geskik vir die koel gebiede en later aanplantings.

LS 6248 R

Hy is effens stadiger as LS 6146 R en goed aangepas in die koel tot matige gebiede. Een van die beste presteerders in die koel gebiede volgens die 2013-LNR-proewe. Behaal uitstekende staanvermoë en peulhoogte en het baie goeie weerstand teen oopspring.

LS 6150 R

'n Ou staatmaker in die medium groeiklas en is goed aangepas vir vroeë sowel as laat aanplantings. Presteer baie goed in die gematigde en warm produksiegebiede. LS 6150 R het 'n onbepaalde groeiwyse, staan baie goed en kan van vroeg tot laat in die seisoen aangeplant word.

LS 6161 R

'n Medium groeiklas smalblaarvariëteit, goed aangepas vir droëland en besproeiing. Hierdie aantreklike sojaboon met sy donkergroen voorkoms is reeds goed bekend aan produsente en was die afgelope jaar die toppresterder in die warm gebiede. LS 6161 R staan uitstekend met baie goeie peulhoogte.

LS 6164 R

Hierdie variëteit is reeds vir drie jaar 'n toppresterder in die warm produksiegebiede. Dit is werklik 'n eersteklas sojaboon ten opsigte van siekteweerstand en alle agronomiese eienskappe en staan uitstekend, met die minimum oopspring en 'n baie goeie peulhoogte. ■



▲ Die seleksie en evaluering van nuwe variëteite op Link Seed se navorsingsplaas op Greytown.